Publication: Burger,DieSaturday(Wes-Kaap) (Sport)
Publication Date: 17 Mar 2018
Page: 20

AVE: 47909.60
Circulation: 60502
Part: 1 of 1








Clarence Munyai glimlag gister breed ná sy verstommende tyd in die 200 m op die Suid-Afrikaanse atletiek-kampioenskappe in Pretoria. Foto: GALLO IMAGES

## VAT SO, WAYDE!

# Rekord lê aan skerwe

## Jong blits troef Van Niekerk se tyd

**Wim Pretorius**

Onthou dié naam: Clarence Munyai. Want die kans is goed dat dié 20-jarige Tuks-blits Suid-Afrika sommer nog baie trots op die wêreldverhoog sal maak.

Munyai het gister in Pretoria die grootste oomblik van sy jong atletiekloopbaan gehad toe hy op die nasionale kampioenskappe Wayde van Niekerk se Suid-Afrikaanse rekord in die 200 m te pletter gehardloop het.

Die jong blits het 'n verstommende tyd van 19.69 sekondes in die halfeindronde gehardloop.

Dit is 15 honderdstes van 'n sekonde vinniger as die 19.84 wat Van Niekerk verlede jaar gehardloop het en 0.08 sekondes vinniger as 2017 se vinnigste tyd in dié item (Isaac Makwala van Botswana se 19.77).

Munyai se 19.69 is ook die tiende vinnigste tyd in die geskiedenis van dié item en was net-net stadiger as Frank Fredericks van Namibië se Afrika-rekord.

Fredericks het in 1996 by die Olimpiese Spele in Atlanta 'n silwermedalje verower met 'n tyd van 19.68.

"Nou sal die druk op my wees in die internasionale seisoen, want almal sal verwag dat ek buite die land se grense ook sulke tye moet hardloop," het Munyai gesê.

"Hopelik kan ek dié vertoning by die Statebondspele herhaal."

Munyai het stadig aan die gang gekom, maar hy sê dit was om sy beste vir die laaste 150 m te bêre.

"Ek het besluit om iets anders as gewoonlik te doen en dit het gewerk," het hy gesê.

Hy het gesê hy en sy breier, Hennie Kriel, het vroeër in die week koppe gestamp toe Kriel aanbeveel het dat hy net op die 200 fokus en nie aan die 100 deelneem nie. Nou, sê Munyai, kan hy sien dit was die regte raad.

"Dit het beslis 'n verskil gemaak, want dit het my vaart verbeter. En as dit die geval is, is my tye oor 200 vanselfsprekend beter."

Kriel was byna stomgeslaan.

"Ek het dit glad nie verwag nie," het hy gesê.

"Nou is sy uitdaging om hierdie peil te behou. Sy wedloop in die uitdunne was die beste wat ek hom al sien hardloop het en toe hy met die opwarming begin het, het ek vir hom gesê dat sy vaart rondom die draai in die top-5 in die wêreld is."

Munyai se wedywering met Anaso Jobodwana, wat in 2015 brons in die 200 op die Wêreldbyeenkoms gewen het, het ook bygedra tot sy blitstyd.

Kriel glo dit was die hupstoot wat nodig was.

"Ek dink sy nederlaag teen Anaso twee weke gelede in Ruimsig het 'n rol gespeel. Ons het lank daaroor gesels en ek het vir hom gesê hy moet vorentoe kyk."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.